



TOMMY SE VERHAAL

God Het My Gekry!!!

'n Teologiese proffie (John Powell) vertel die aangrypende verhaal van Tommy, 'n student, wat Jesus se verlossing bevraagteken het.

Hy skryf: Sowat twaalf jaar gelede het ek gestaan en kyk hoe my studente die klas instap vir hulle eerste Teologie-lesing. Daar het ek vir die eerste keer vir Tommy gesien. Ek het my oë geknip om seker te maak ek sien reg. Dit was die eerste keer dat ek 'n student, met sulke lang hare, 12 sentimeter onderkant sy skouers, in my klas gehad het. In my gedagtes het ek vir Tommy onder 'n baie vreemde groep wesens geklassifiseer.

Dit het so uitgedraai dat Tommy die "plaaslike ateïs" van my klas was. Hy het tot vervelens toe gestry, smalende aanmerkings gemaak oor die feit dat God se liefde onvoorwaardelik is. Ons het mekaar verdra... maar net net. Tog moet ek moet bely... dat dit dikwels ondraaglik was.

Na die eind-eksamen stap hy na my toe en vra smalend: "Prof, dink jy ek sal ooit vir God vind?" "Nee!", het ek kortaf geantwoord. Hy het my een verstommende kyk gegee en vinnig omgedraai en



Ek het hom kans gegee om so vyf treë uit die klas te loop voordat ek agter hom aan geroep het: "Tommy... ek dink nie jy sal ooit vir God vind nie, **maar ek is doodseker dat Hy vir jou sal vind!**" Hy het vir 'n oomblik gehuiwer, en toe uit my klas en uit my lewe verdwyn.

Ek moet sê ek was ietwat teleurgesteld, dat hy nie my slim antwoord: "**Hy sal jou vind!**" gesnap het nie.

Ek het later verneem dat Tommy graad gevang het, en ek was dankbaar. Maar toe kom die droewige nuus dat Tommy terminale kanker het. En voordat ek hom kon opsoek - het hy eendag na my toe gekom. Ek het geskrik toe ek hom in my kantoor sien instap. Sy liggaam was uitgeteer - en die pragtige lang hare het uitgeval van die chemoterapie, maar sy oë het geblink en sy stemtoon was vir die eerste keer van ek hom ontmoet het selfversekerd.

"Tommy, ek het so baie aan jou gedink. Ek hoor jy is siek"... probeer ek kliphard om iets te sê. "O ja, ek is baie siek. Ek het kanker in albei longe. Ek het nog net 'n paar weke oor."

"Kan jy daaroor praat, Tommy?" wou ek weet. "Seker, wat wil Professor weet?" antwoord hy. "Hoe voel dit om maar net vier-en-

twintig en sterwend te wees?" "Aag, dit kon baie erger gewees het." "Hoe so?" vra ek. "Wel, ek kon vyftig gewees het... sonder enige lewens-waardes of ideale. Vyftig, en al wat tel is drank, vrouens en geld... asof dit die enigste groot dinge in die lewe is wat saak maak. Waaroor ek u eintlik kom sien het", sê Tommy, "is oor iets wat u op die laaste dag wat ek in u klas was gesê het. Ek het u gevra of u dink ek ooit vir God sou vind? En u het 'nee!' gesê... iets wat my werklik verbaas het. Maar toe sê u: **'Maar ek is seker daarvan Hy sal jou vind.'** Ek het baie hieroor nagedink... alhoewel my soeke na God steeds nie baie ernstig was nie. Maar toe kom die slegte nuus, toe die dokters 'n kwaadaardige knop uit my lies moes verwyder. Dit is tóé dat ek eers werklik vir God begin soek het.

Die kanker het deur my hele liggaam versprei, en ek het my vuiste rou geslaan teen die hemel se poorte...maar God het nie te voorskyn gekom nie. Om die waarheid te sê, absoluut niks het gebeur nie! Professor, het u al ooit vir 'n lang tyd baie hard probeer om iets reg te kry sonder sukses? Sielkundig takel dit jou totaal en al af. Jy raak moedeloos, en uiteindelik gee jy moed op."



Foto: Lilian Zeelie

"Wel, een oggend het ek wakker geword, en in plaas daarvan dat ek weer 'n paar bakstene oor daardie hoë muur van die hemel probeer

gooi het, om God, wat dalk nie eers daar is nie, wakker te maak, het ek net opgehou probeer. Ek het besluit dat ek rêrig nie meer omgee oor God... of Sy Ewige Lewe... of enige iets nie. Ek het besluit dat ek die tydjie wat ek oor het, baie beter kon gebruik ... deur **iets werklik betekenisvol te doen.**

Ek het baie gedink aan die dinge wat u in die klas vir ons gesê het, en een van die dinge wat ek kon onthou was dat u gesê het: 'Dit is tragies om deur die lewe te gaan sonder liefde. Maar dit is nog meer tragies om hierdie wêreld te verlaat sonder dat jy vir diegene vir wie jy lief was... vertel het, dat jy hulle liefhet.'



En so begin ek toe met die moeilikste een - my pa. Hy het gesit en koerant lees toe ek by hom kom: "Pa...." het ek gesê. "Ja, wat?" Hy het my geantwoord... sonder om eers die koerant te laat sak. "Ek wil graag met Pa praat." "Nou toe, praat maar." "Pa, dis baie belangrik." Die koerant sak so effens. "Wat is dit?" "Pa, ek is lief vir Pa. Ek wou maar net hê dat Pa dit moet weet." (Tommy het breed geglimlag, en ek kon duidelik sien dat daar 'n warm gloed van vreugde uit hom straal.

"Die koerant het uit my pa se hande geval. En toe doen hy twee dinge wat hy nog nooit voorheen gedoen het nie: hy het gehuil en hy

het my styf omhels. Ons het die hele nag deur gesels. Dit was 'n wonderlike gevoel om so naby aan my pa te wees, om sy trane te sien en sy omhelsing te voel, en om hom net te kon hoor sê dat hy my liefhet. **As dit die enigste rede is hoekom ek 'n kankerpad moes loop... dan was dit beslis die moeite werd.**"

"Met my ma en kleinboet was dit makliker. Hulle het ook saam met my gehuil en my omhels, en ons het mooi dinge vir mekaar gesê. Ons het die dinge wat ons al die jare vir mekaar geheim gehou het, met mekaar gedeel. Daar was net een ding waarvoor ek so bitter jammer was – dat dit so lank gevat het voordat ek dit gedoen het. En hier was ek nou, besig om oop te maak teenoor almal wat al die jare baie naby aan my was. **En eendag, toe ek weer sien, toe was God daar!** Hy het nie na my toe gekom toe ek Hom gesmeek het nie. Ek dink ek was dalk soos 'n leeutemmer wat met my hoepel gestaan het... en vir God probeer sê het: "Spring! Spring! Ek gee U drie dae... dan wil ek 'n antwoord hê!"

Dit lyk my God doen dinge op Sy eie manier en op Sy eie tyd. Maar die belangrikste ding was: dat God dáár was! Hy het my gevind! Ja u was reg Professor, Hy het my gekry, selfs nadat ek opgehou het om na Hom te soek."

My mond het oopgehang: "Tommy, jy het iets baie belangrik vir my vertel - iets wat baie, baie groter is as wat jy dalk besef. Wat jy eintlik sê, is dat die maklikste manier om God NIE te vind nie, is om Hom jou persoonlike besitting te probeer maak - 'n soort-van-probleem-oplosser. **Maar as jy in liefde leef, dan leef jy MET God, en God IN jou.**

"Tommy, kan ek jou 'n groot guns vra? Jy weet, die tyd toe jy in my klas was, was jy vir my 'n groot pyn. Maar ek sou so graag wou hê jy moet na my Teologie-klas toe kom om vir my studente te kom vertel

wat jy vanoggend vir my vertel het. Jy weet, as ek dit vir hulle moet vertel sou dit nie naasteby dieselfde effek hê nie." Ooooo ... ek weet darem nie so mooi nie - ek was gereed om vanoggend met u te kom praat, maar vir die klas - daarvoor sien ek nie so mooi kans nie." "Gaan dink daarvoor, en dan laat jy my weet."

'n Paar dae later skakel Tommy my: hy was gereed om sy verhaal met die klas te kom deel. Hy wou dit doen vir God wat Hom gevind het. Ek het 'n afspraak met hom gemaak, maar hy kon daardie afspraak nooit nakom nie, want daar was 'n ander, **baie belangriker afspraak wat hy moes nakom** - baie belangriker as ek, of die klas.

In der waarheid was sy lewe nie beëindig deur sy dood nie - dit het net verander. Hy het 'n nuwe lewe gekry, baie mooier as wat ek en jy ooit van kan droom - baie heerliker as wat enigeen ooit gesien of ondervind het. Voordat Tommy dood is het hy nog een laaste maal met my gepraat: "Ek sal dit nie kan maak na die klas toe nie." "Ek weet Tommy." "Sal u asseblief vir hulle en die hele wêreld vertel, asseblief Professor?" "Ek sal, Tommy, ek sal my bes probeer."

Baie dankie... dat jy tyd afgestaan het om hierdie kosbare verhaaltjie van liefde te lees. En vir jou, Tommy, daar waar jy êrens in die hemel is – "ek het vertel Tommy, so goed as wat ek kon". Hierdie is 'n ware verhaal - vertel dit gerus vir iemand. Met groot dank. 'n Bevoorregte Teologie professor, **John Powell.**

Die Belangrike Vraag: Het God al vir jou gevind? Hoe weet jy dit? Wat het gebeur? Is jy doodseker daarvan jy gaan die Ewige lewe be-erwe?



Wat sê die Bybel... wanneer het God jou gevind?

1 Joh 5:13 Hierdie brief skryf ek sodat julle kan **weet** dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.

Rom 6:23 Die loon wat die sonde gee is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.

1 Joh 1:9 As ons ons sondes bely, God is getrou en regverdig... Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

Joh 3:16 God het die wêreld so lief gehad, dat Hy sy enigste Seun gegee het, **sodat die wat in Hom glo**, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

Openb 3:20 Kyk Ek staan by die deur en Ek klop. **As iemand My stem hoor en die deur oopmaak**, sal Ek by hom ingaan en saam met hom feesmaal vier.

Joh 10:28 En Ek gee jou die ewige lewe, en jy sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal jou ooit weer uit My hand ruk nie.